## OMGEEKUIERTEE - 2 FEB

Daar sal nie vandag koffie en tee by die kerk wees nie – Hoop almal het al iemand genooi!
Rom 12:13: ***"Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid"*** Stuur 'n foto na die vroue whatsapp groep dat ons kan deel in die feestelikheid – OF as jy wil stuur vir Colleen by 0828554769 dan wys ons dit bietjie op die grootskerm volgende Sondag.

## VERJAARDAGTEE

Die 1ste Semester Verjaardagtee vind volgende Sondag, 9 Februarie 2020 plaas. Almal wat in die eerste 6 maande van die jaar verjaar bring iets te ete en ons almal kuier heerlik saam. Hoop ons sien sommer baie van julle daar.

## VERGADERINGS

24/2 – OBR
26/2 – UBR
27/2 – GBR
2/3 – EBR
4/3 - ABR
9/3 - Ouderling

**alle vergaderings begin 18:00**

## SUSTERSAAMTREK

Die Sustersaamtrek vind plaas 7 Maart by Meyerton. Almal wat belangstel moet by Jacqueline bespreek en betaal. Kostes beloop R130.00 per persoon. Sy wil sommer 'n groepbespreking maak, so almal kan voor 17 Februarie met haar kontak maak, sy wil die bespreking die 17de deurgee.

## VERJAARSDAE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 02/03 | Johan | Beer | Belydend | | 081472 334 |
| 02/04 | Zulaycke | Viljoen | Belydend | | 0715318238 |
| 02/06 | Suné | Smith | Belydend | | 0733787950 |
| 02/07 | Carla | Oosthuysen | Belydend | 0169764905 | |

# Iets Nuu(†)s

*Efesiërs 4:16*
*Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

2 Februarie 2020

Inligting:

**Gereformeerde Kerk Sasolburg.** h/v Faickney en van Eckstraat

| | |
|---|---|
| **Leraar:** | **Marcel Floor 0828285811** |
| **Admin**: | Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za |
| **Webblad:** | www.gksasolburg.co.za |
| **Barmhartigheid:** | Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com |
| **Geboue:** | PJ Gouws – 079 492 8404 |
| **Koster**: | Sandra vd Sandt 083 457 8904 |
| **Omgeekantoor:** | Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za |

***DIENSBEURT: BLOK D***
**Kollekte ONDER DIENS**: Barmhartigheid
**Kollekte by DEURE**: Kerklike Tydskrifte

## MEELEWING

- ♥ Ons is bly saam met Nic van der Walt (0824864026). Daar is niks kwaadaardig gevind gedurende die toetse vir op sy lewer nie.
- ♥ Frik Muller (0833265000) het Vrydag gegaan vir verdere toetse, en met druk hiervan was ons nog nie seker van die uitkoms daarvan nie
- ♥ PJ Gouws (0794928404) moes 'n stent in een van sy are kry

# Woordbediening

**Tema: Ek sal die Naam van die Here my God altyd met die hoogste eerbied en respek gebruik**

Eks. 3:1-15 (83 AV)
Fokus: Eks. 3:14-15 & 20:7
HK Sondag 36 V&A 99 & 100

**Inleiding**:

1. Waarom is ons naam, en veral ons goeie naam, vir ons belangrik?

A: Hoekom is God se Naam vir Hom so belangrik?

1. God se heilige Naam sê alles van God – Wie Hy is en wat Hy doen en hoe Hy is. (Eks. 3:14).
2. God en sy Naam is een, en daarom kan ons nie sy Naam los van hom gebruik nie. (Eks. 3:14)

B: Wat bedoel God as Hy sê: Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie?

1. In die oorspronklike taal staan daar letterlik jy mag God se Naam nie lig of nietig of klein maak nie. (Eks. 20:7)
2. Positief beteken dit ons moet God se heilige Naam, met die nodige gewigtigheid gebruik.
3. Jy maak ook God se Naam nietig en lig, as jy dit sonder 'n doel, of vir die verkeerde doel gebruik.

C: Die maniere hoe mense God se Naam kan misbruik.

1. Deur God te laster of te beledig, of sy Naam lasterlik of as 'n vloekwoord te gebruik.
2. Deur 'n valse eed te sweer.
3. Deur onnodig 'n eed af te lê.
4. Deur God se Naam hooghartig of spottenderwys te gebruik, of om grappe oor Hom te maak.
5. As jy toelaat dat ander God se Naam laster of misbruik.
6. Deur God of Jesus se Naam as 'n stopwoord te gebruik.
7. Jy kan God se Naam klein / sleg maak met jou lewe.
8. Totale stilswye, as jy wel oor God moet getuig.
9. As mens God se woorde in die Bybel verdraai om jou siening te staaf (dwaalleer).
10. Onnadenkende godsdienstige handelinge.

D: Hoe mag en moet ek God se Naam wel gebruik?

1. Met vrees en eerbied.
2. Want dan gebruik ek God se Naam reg, soos Hy in sy Woord beveel.
3. En dan word sy Naam en God Self deur ons lewe en woorde groot / gewigtig gemaak.

# Vlamvat!

Ons gemeente het einde laas jaar afgeskop met die Vlamvatproses – dit is om seker te maak ons is gehoorsaam aan die Here in ons kerk wees. Sover was meerendeels die Vlamvatspan betrokke by die proses, maar van hier af gaan al hoe meer lidmate betrek word in 'n meerdere of mindere mate, maar die proses is die hele gemeente se proses. Maak seker jy kry vandag die Vlamvat Byderhand boekie vir 'n opsomming van waarmee die Vlamvatspan besig was tot dusver, sodat jy saam opgewonde kan raak en weet waaroor dit gaan! Daar is ongeveer een boekie per gesin. Vra gerus vir Colleen 082 855 4769 om vir jou die elektronies weergawe per WhatsApp of epos aantestuur.